



# trinitas

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.  
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

## 1 Verlos

**SONDAG, 15 MEI 2016**

**OGGEND 09:00**

### 'n Vrou se rol

Teks: Efesiërs 5:21-33

Oorsig:

In ons FOKUStyd oor familie kyk ons vandag na die vrou se rol in 'n huwelik volgens God se normale ontwerp. Dit is iets wat dikwels in die verlede verkeerd verstaan en verkeerd afgedwing was. Dalk op baie plekke nog steeds! Wat is die mooi van God se ontwerp vir 'n vrou se rol in 'n huwelik en hoe pas dit met harmonie in by die man se rol. Ons ontdek ook uiteindelik hoe die evangelie self deur hierdie harmonie vir ons duidelik word.

**AAND 18:00**

### FOKUStyd: Vroue

Oorsig:

Ons kyk na verskillende dele in die Bybel wat oor vroue praat en gesels saam oor die unieke roeping daarvan, geanker in die evangelie.

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Vandag

Ouderlingverg. na die  
aandbyeenkoms

### Dinsdag, 17 Mei

Bybelstudie 19:00

### Woensdag, 18 Mei

Bybelstudie 09:00

### Vrydag, 20 Mei

Manne-oggend 05:30

### **SONDAGAANDE: 2DE KWARTAAL**

<b>Datum</b>	<b>Geleentheid</b>
15 Mei	FOKUSTyd
22 Mei	FOKUSTyd
29 Mei	Nagmaal 19:00
5 Junie	Aandbyeenkoms
12 Junie	Toerustingsgeleentheid
19 Junie	Aandbyeenkoms



'n **VERLOSTE** familie diensknegte wat ge

## **FOKUSTyd 2: Familie!**



Mans, vrouens en kinders. Getroud, gekys, geskei, soekend, enkel. Wat is God se ontwerp en doel vir 'n huwelik en

gesin? Mans se rol? Vrouens se rol? Kinders se rol? Wat is normaal in ons gemeenskap en wat is God se normaal? Ons tweede kwartaal se tema is *familie* en as Jesus se dissipels soek ons saam na sy DNA in hierdie aspekte van ons lewens. In ons FOKUSTyd van 8-22 Mei gaan ons gesels oor die huwelik en gesin.

	<b>Preektema</b>	<b>Bybelstudie-tema</b>
<b>WEEK 1</b>	Die man se rol	Manwees
<b>WEEK 2</b>	Die vrou se rol	Vrouwees
<b>WEEK 3</b>	Die kinders se rol	Kindwees

Ons vra die bestaande Bybelstudie-groepe om ook vir hierdie drie weke die reeks te volg. Indien daar nie in jou wyk Bybelstudies is nie, oorweeg dan om 'n paar mense te nooi en een te begin! Of doen die riglyne as huisgodsdien. Die Bybelstudieriglyne is so opgestel dat enige persoon dit kan lei. Jy kan ook Sondagaande 18:00 by die kerkgebou kom inskakel vir die Bybelstudies. Gebruik hierdie FOKUSTyd as verryking van jou huwelik en gesin. Nooi gerus vriende of familie wat jy weet dalk hiermee stoei. Gee nie om waar jy trek nie, hierdie FOKUSTyd sal jou opnuut laat fokus op die evangelie vir ons gesinslewe.

Die Bybelstudieriglyne kan gedurende die FOKUStyd by die kantoor aangevra word of sal elektronies beskikbaar wees by [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za).

## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Theuns Odendaal (☎0832561387) het die afgelope week 'n rugoperasie ondergaan.
- Tina Odendaal (☎0790140103) gaan Dinsdag vir 'n operasie in Emf. Medi-Clinic.
- Marina Snyman (☎0726721645) is Donderdag oorgeplaas na 'n hospitaal in Pretoria met nier- en lewerprobleme.
- Dit gaan baie goed met Kobus Bester (☎0837640063) na hy lank siek was.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

### VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

15/05	Roelof du Plooy	☎0747235259
15/05	Michelle Hennop	☎0724618001
16/05	Piet Naudé	☎0837821638
16/05	Marie Swart	☎0839435455
16/05	Ryno vd Westhuizen	☎0169822284
17/05	May Bezuidenhout	☎0825842703
17/05	Maurien du Toit	☎0824472039
18/05	Emil Janeke	☎0798725286
18/05	Cecilia Klopper	☎0828720039
18/05	Wilco Tromp	☎0847312067
18/05	Arno van Zyl	☎0845811210
19/05	Eddie Hohls	☎0824660851
19/05	Cherese Roelofse	☎
19/05	Nicolette Voges	☎0824153388
21/05	Jakkie Coetzee	☎0829243284

### SPESIALE VERJAARSDAE

17 Mei, May Bezuidenhout, 80 jaar.

### HUWELIKSHERDENKINGS

Geen.

### SPESIALE VERJAARSDAE(80 jaar en ouer) en HERDENKINGS(50 jaar plus)

*Die gemeente sing Sondae 'nseënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.*

### BYBELSTUDIES

Woensdae om 09:00 by die kerk.

Dinsdae om 19:00, Carterstraat 16 (soos op die kalender aangedui).

### NUWE BYBELSTUDIEGROEP VIR JOU?

'n Nuwe Bybelstudiegroep is aan die beginfase en enige jong volwassene is welkom! Ons hoop om lekker saam te kuier en te groei. Ons wil graag kyk wie belangstel voor ons op 'n vaste dag of tyd besluit. Jy is ook welkom om voorstelle te maak vir temas waarin jy belangstel. Kontak vir Christa Snyman ☎0798779882 (bel, SMS of WhatsApp) of e-pos, [102christa@gmail.com](mailto:102christa@gmail.com) indien jy deel wil word. (Ons begin die 17e Mei en enigeen is steeds welkom.)

### ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

### NUWE LIDMATE

Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

## HUISBESOEKFORMS

Indien jy huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbrief** wat by die **deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **DieHelper** se kassie by die hoofingang.

## VERJAARSDAGTEE

Vanaf 2016 wil ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae vier en saam dankbaar wees oor elkeen wat vir nog 'n jaar gespaar is. Ons beplan daarom vier verjaarsdagtees vir vanjaar, een elke kwartaal. Ons vra dat elkeen wat in die betrokke kwartaal verjaar asb. 'n bordjie eetgoed vir die tee sal bring.  
Groete: Gasvryheid-diensgroep

Verjaarsdagtee-datums vir 2016:

<b>Datum:</b>	<b>Wie bring eetgoed:</b>
21 Augustus	1 Julie–30 September
23 Oktober	1 Oktober–31 Desember

## FAMILIE-ETE 29 MEI

U word hartlik uitgenooi na die familie-ete op Sondag 29 Mei. Ons gaan 'hamburgers' maak.

**Koste:** R20/volwassenes, R10/laerskool kinders.

Daar is 'n keuse van bees en hoender. Skryf jou bestelling op die lys by die Welkomhoekie in die saal.

**Bring saam:** Eetgerei en drinkgoed.

Die diakonie voorsien roomys.

Kaartjies kan Sondae na die erediens in die saal by André Smith gekoop word.

Bring jou gazebo, kampstoel en vriende dan kuier ons weer lekker saam!

# 3 Dienskneg

## ORRELBEGELEIDING

09:00–Nannes

## OUDERLINGE AAN DIENS

Dolf Jonker, Martin de Klerk

## DIAKENS AAN DIENS

Tina Jansen van Vuuren

## KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

## DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieuse span

## KOLLEKTES

### Onder die erediens vir Diakonale Kas

15/05 – DCMA-fonds (dowes)

22/05 – Chris Buys-fonds

## OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

## ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

## GEHOORAPPARATE

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die

klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

### **TEESKINK**

Vanoggend skink Anne-Marie Snyman se groepie. Sondag 22 Mei skink Lynette Roelofse se groepie. Gretha van Wyk ☎0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

### **KLEUTERKERK**

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mamas van tweejarige kan dit saam bywoon. Kontak Petroné van der Merwe ☎0729414308 indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

### **DR. FRANS MINNIE**

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Afsprake word deur die kerkkantoor of deur dr. Minnie self gemaak.** Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

### **MEDEWERKERS (ons kort nog medewerkers!!)**

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

**DIE HELPER** is 'ndiens wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith ☎0844627830.

### **PROJEK – GROEIPYNE**

Ons as Trinitas-familie het 'n probleem waarvoor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite en lokale op die terrein het ons ekstra stoorplek nodig sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

### **KRUIDENIERSWARE BENODIG**

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): Suiker, pasta, bully beef, koffie, tee, soja maaltjies, grondboontjebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, baked beans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal.)** Kontakpersoon Jolani Lourens ☎0823359586.



## HULP MET VERVOER

Drywers word benodig om Sondagoggende lidmate met Moerbeij, die kerkkombi op te laai. Kontak Gert Voges ☎0828168577.

## 4 Gestuur



Kontak André ☎0828592186 of  
Rochelle Moolman ☎0824544147

## ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036  
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.  
9055971748

## EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.

## HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om so Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af (weeksdag tydens kantoorure of Sondag by die herwinningsarea agter die kerkisasie-lokale). Daar is 'n werker wat dit sorteer. Maureen van Helden ☎0823922093.



**Kontakpersoon:**  
Hardus Visser  
☎0828215642



ALGEMEEN

## BELANGRIKE DATUMSMEI

- 15 Mei. Ouderlingvergadering
- 22 Mei. Diakonievergadering
- 29 Mei. Nagmaal en familie-ete

## GKSA NUUS

### OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkantoor nuus
- Skoolverlaterskamp GK Cachet
- NG Driehoek: Willie en Natasha Joubert, 21 Mei.

## BEROEPE AANVAAR

Ds JD Potgieter [Dreyer] van Rooihuis-kraal na Meyerspark.

## KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA ([www.kruispad.net](http://www.kruispad.net)). Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

## BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat nog Bybels en groen Psalmboeke wil skenk, kan dit op die tafel plaas vir gebruik.

## TRINITAS-BOEK-HOEK

Kontakpersoon: Franciska van der Merwe  
☎0827818032.

## WERKSOEKENDES

(Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.) Jerry Ndweni

(Elaine Ndweni se man) is 'n gekwalifiseerde elektrisiën met 'n rooiseël. Hy soek dringend werk. Tans maak hy yskaste en stowe reg vir 'n inkomste. ☎0781983377 of ☎0834909746.

### **WISKUNDE EKSTRA KLASSE**

Graad 8 Wiskunde ekstra klasse.  
R150 per individuele eenuur sessie.  
Kontak: Elizma Powell ☎0792904140.

### **VERSPREIDING VAN KLERE**

Lidmate wat graag voortaan wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang, kan die koördineerders, Oom Faan en Tannie Jakkie Coetzee, kontak ☎0829243284. Wintersklere en babaklere word tans benodig.

### **ONTSLAG UIT AMP VAN OUDERLING**

Chris Vermaak

### **BEVESTIGING IN DIE AMP VAN OUDERLING**

Stephan Nel

### **KONTAK ONS**

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

**Kerkkantoor:** Ma. tot Do.

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550

**Kosters:**

Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

**Orrelis:** Nannes v. d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

**Predikant:** Griffel van Wyk

☎0169324615 / 0823543726

**Adres:** Ogilviestraat 6, SE2

**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za

# Vrygewige Genade

OM GOD SE WERK DEUR  
TRINITAS TE ONDERSTEUN



## Hoeveel behoort ek te gee?

Die Ou Testament het 'n tiende (10%) voorgeskryf van alle opbrengs van die oes en die vee (Maleagi 3:8).

Die Nuwe Testament leer ons om in vertroue op God radikaal vrygewing te wees. Selfs tot die punt waar dit werklik voel soos 'n opoffering en nie maar net 'n afknyp van ekstras nie.

### Beginnels oor bedrae:

- In die Nuwe Testament word daar nie 'n vaste voorskrif genoem nie, alhoewel baie die 10% steeds as riglyn sien.
- Min is baie. Jesus wys ons op die weduwee wat 'n paar munte in haar gebrek gee. In Sy oë is dit baie meer kosbaar as mense wat groter bedrae gee wat hulle nie eers voel nie.– *Markus 12:4-44*
- Moenie gee wat jy nie het nie.  
*"As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. God verwag nie wat jy nie het nie," - 2 Korintiërs 8:12*
- As jy 'baie' het behoort jy in proporsie meer te gee. – *2 Korintiërs 8:15.*
- Beplan dit en hou dit eenkant. – *2 Korintiërs 9:5*

---

**Offer op  
Vrygewig  
Met vreugde**

---

### Praktiese gedagtes:

- Stel 'n begroting op. Besluit hoeveel om vir die Here se werk te gee deur dit te vergelyk met wat jy op ander items spandeer. Maak daardie bedrag jou prioriteit voor ander uitgawes.
- Besluit dalk op 'n vaste persentasie van jou inkomste wat jy dan jaarliks aanpas na gelang van inflasie of jou finansiële situasie.
- Stel 'n aftrekorder op om te verseker dat jy nie vergeet nie.

***"Vrygewige genade". Die volledige boekie is beskikbaar by die deure.***



**GEREFORMEERDE KERK TRINITAS - GEMEENTEVERSLAG**  
**INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT**  
**VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2015 - 2016 MAAND: April 2016**

	<b>JAAR TOT OP DATUM</b>		
	<b>WERKLIK</b>	<b>BEGROOT</b>	<b>AFWYKING</b>
<b>INKOMSTE</b>			
Bydraes	302126	302000	126
Deurkollekte	3699	800	2899
Rente verdien	25920	26534	(614)
Ander	1804	400	1404
<b>TOTALE INKOMSTE</b>	<b>333549</b>	<b>329734</b>	<b>3815</b>
<b>UITGAWES</b>			
Totaal Woordverkondiging	243976	240532	(3444)
<i>Woordverkondigers</i>	144126	142276	(1850)
<i>Ramings en Klassisse</i>	99850	98256	(1594)
Erediens- & kunstespan	4750	4300	(450)
Uitreikspan	0	2000	2000
Toekomsspan	0	0	0
Toerusting- & opvoedingspan	958	5500	4542
Administrasiespan	100931	99858	(1073)
Kerkkantoor uitgawes	9028	10860	1832
Versorgingspan	12990	13600	610
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>372633</b>	<b>376650</b>	<b>4016</b>
<b>OORSKOT / (TEKORT)</b>	<b>(39084)</b>	<b>(46916)</b>	<b>7832</b>

Met groot dank aan die Here dat daar nog nie groot afwykings te bespeur is nie.



# JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 15 Mei:

## Graad 1 – 3

EENHEID 3: EK EN MY GESIN

*Dit maak God gelukkig wanneer gesinslede mekaar liefhet en respekteer*

Les 13: Josef vergewe

EENHEID 4: JESUS IS MY VRIEND

*Omdat Jesus my vriend is, kan ek met Hom oor enigiets praat*

Les 14: Die Goeie Herder

Les 15: Voëls en veldlies

Les 16: Jesus genees 'n siek man

Les 17: Petrus loop op die water

## Graad 4 – 6

EENHEID 3: DIE BEGIN VAN 'N NASIE

*Dit behaag God wanneer gesinslede mekaar liefhet en mekaar respekteer*

Les 13: Josef regeer in Egipte

EENHEID 4: LEER VAN JESUS

*Wat belangrik is vir ons, is nie belangrik vir God*

Les 14: Ete saam met 'n Fariseër

Les 15: Maria en Martha

Les 16: Die storie van 'n ryk dwaas

Les 17: Die weduwee se geskenk

## Graad 7 - 9

EENHEID 3: VRIENDE

Vriendskapbouers

Les 13: Die bou van vriendskappe

Jeugleiers 2016	
Graad	Jeugleier
Kleuterkerk	Petroné van der Merwe
Graad 1	Rachel van Wyk
Graad 2	Nicolette Voges
Graad 3	Anna-Marie van der Elst
Graad 4	Karen Janeke
Graad 5	Rineke Visser
Graad 6	Marietjie Greeff
Graad 7	Emil Janeke
Graad 8	Rochelle Moolman
Graad 9	André Moolman
Graad 10	Pieter van Helden
Graad 11	Philip Snyman
Graad 12	Griffel van Wyk

Les 14: Die versterking van vriendskappe

Les 15: Diens aan ons vriende

EENHEID 3: VRIENDE

Vriendskapvernietigers

Les 16: Skinder

Les 17: Jaloesie

Les 18: Onopgeloste woede

**Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)**

Les 11 - 15: Verlossing

*Let asseblief daarop dat hierdie slegs 'n aanduiding is van wat beplan word en dat daar dalk afgewyk mag word hiervan. Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlins is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe. Vanaf 2016 word die graad 12 jeug ook deur Griffel gelei op hulle pad na Christelike groei. Aan alle graad 12's: Bly asseblief deel van die groep!*

*Dit is belangrik om te onthou dat die graad 7 jeug van 2016 af deel vorm van die hoërskooljeug en daarom ook in die middae jeugkleingroep sal hê en nie meer Sondagoggende nie. **Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondag om 16:30 sal plaasvind.** Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aanddiens.*

## **NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS**

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kring kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

*Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.*

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
  - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
  - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
  - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.

# Nagmaal-diensgroep

## Doel van die diensgroep

- ✓ Om te verseker dat die Nagmaal goed verloop tot geestelike opbou van die Trinitas-familie
- ✓ Om die Nagmaalsondag as 'n gereelde Trinitas familiedag te gebruik deur middel van 'n lekker familie-ete saam die dag

## Bedieningsgeleenthede

- ✓ Voorbereiding van nagmaaltafels
- ✓ Bedien Nagmaal tydens eredienste
- ✓ Opruim van nagmaaltafels
- ✓ Help met beplanning van familie-etes
- ✓ Voorbereiding van familie-etes
- ✓ Opruim na die familie-ete



Koördineerder:  
**Marie Oliver**

Tel: 082 411 9783



Koördineerder:  
**Gert Voges**

Tel: 082 816 8577

E-pos: gvoges@telkomsa.net

# Vervoer-span

## Doel van die diensgroep

Om gemeentelede na en van gemeente geleenthede te vervoer

## Bedieningsgeleenthede

- ✓ Bestuurders – om mense met die gemeente kombi te vervoer
- ✓ Saamry – om een of twee gemeentelede op pad na 'n geleentheid op te laai en weer af te laai
- ✓ Kombi was – help daarmee om die gemeente kombi mooi skoon te hou
- ✓ Aande – om mense te help om die aandbyeenkomste by te woon deur saamrygeleenthede aan te bied